

# Jesus se dissipels na Galilea ontbied

## — verwarring en onsekerheid duur voort

JERUSALEM. – Die elf oorblywende dissipels van Jesus van Nasaret het gister na Galilea vertrek “om van rabbi Jesus afskeid te neem,” soos hulle dit gestel het.

Die twaalfde dissipel, Judas Iskariot, het kort na Jesus se kruisiging ses weke gelede homself opgehang nadat hy en die Joodse Raad ’n ernstige woordewisseling gehad het. Dit is bekend dat Judas destyds ’n leidende rol gespeel het in Jesus se gevangening.

Sedert Jesus van Nasaret gekruisig is, het gerugte hardnekkig die ronde bly doen dat die rabbi uit die dood opgewek is. Dié bewerings is egter van meet af aan met groot beslistheid deur die Joodse Raad verwerp. Ook het geeneen buite die dissipelkring die rabbi gesien om hulle bewerings te staaf nie.

Intussen bly selfs die dissipels verdeeld oor die vraag of hulle rabbi werklik uit die dood opgestaan het. Party van hulle is baie skepties, en het aan *Bybelkoerant* gesê hulle gaan maar saam na Galilea om te sien wat gebeur.

Simon Petrus, die leier van die dissipels, is egter vol vertroue dat dié ontmoeting die begin van groot dinge kan beteken. “Ons is maar eenvoudige manne en verstaan nog nie mooi wat aan die gebeur is nie, maar dat ons Meester groot dinge op sy agenda het, is seker. Ons rol as dissipels in sy toekomsplanne is ook nog nie heeltemal duidelik nie, maar ek glo ons sal in Galilea hoor wat ons moet doen,” het hy gesê.

- Lees van hierdie afskeidsgesprek, en party dissipels se onsekerheid, in [Matt. 28:16-20](#).

# Gemeente ontvang jong leraar

EFESE. – Daar was die afgelope naweek groot opgewondenheid en dankbaarheid toe ds. Timoteus in die Christelike gemeente hier as leraar ontvang is.

Ds. Timoteus is Sondagoggend deur die bekende sendeling en stigter van die gemeente hier, Paulus van Tarsus, as leraar bevestig. Sy teks was Ps. 100:2: “Dien die Here met blydschap!” In sy bevestigingsrede het Paulus dit by die jong leraar ingeskerp dat hy ’n dienaar van Jesus Christus is, en dat hy nie moet toelaat dat enigiets of iemand hom keer om sy roeping uit te leef nie, of op hom neersien omdat hy jonk is nie.

In ’n aandoenlike seremonie het al die ouderlinge ná die preek na vore gekom en die jong leraar die hande opgelê. Elkeen het ook die geleentheid gekry om ’n woord van aanmoediging aan ds. Timoteus te gee. Die gemeente kon daarna hulle nuwe leraar van nader leer ken toe almal gesellig saam geëet het.

In sy intreerede Sondagmiddag het ds. Timoteus gesê hy wil graag ’n beeld gebruik wat die groot prediker Johannes die Doper ook van sy eie bediening gebruik het. Hy het gesê hy sien homself as die strooijonker, en sy plig is om die gemeente van Efese, wat die bruid van Christus is, op te pas en te versorg totdat die Bruidegom, Jesus Christus, kom. “Hy moet meer word, en ek minder.”

Ds. Timoteus is ’n boorling van Derbe. Na sy skoolopleiding het hy by Paulus se sendingaksie aangesluit, en sedertdien is hy intensief deur Paulus vir die bediening geskool. Hy het ook al in verskeie gemeentes in Klein-Asië en veral Masedonië afgelos. Efese is egter die eerste gemeente waar hy hom sal vestig.

- Jy kan meer oor Paulus se raad aan die jong Timoteus lees in sy twee briewe aan Timoteus. Kyk veral na [1 Tim. 4:6-16](#). Kyk ook na [Joh. 3:27-30](#).

## Wie die Here gebruik

Ek verwonder my elke keer weer aan die woorde in Matt. 28:17: “Toe hulle Hom sien, het hulle Hom aanbid, hoewel party getwyfel het.” Aan hierdie onseker, twyfelende groepie volgelingen vertrou die Here Jesus die toekoms van sy kerk toe! Want na hierdie ontmoeting is Hy hemel toe, en moes die dissipels sy lewenstaak voortsit.

Hoe kon Hy in hierdie omstandighede selfs net daaraan dink om sy dissipels agter te laat en hemel toe te gaan?

Daar is twee redes: Hy móés gaan om sy regmatige plek as Koning van die konings op die hemeltroon te gaan inneem, sodat Hy kan heers, óók oor die kerk. Maar Hy kon ook gaan omdat Hy sy dissipels nie aan hulle eie lot oorgelaat het nie. Sy slotwoorde is immers: “Ek is by julle al die dae ...” (Matt. 28:20).

Sy hemelvaart het nie beteken dat Hy sy kerk verlaat nie. Deur sy Gees is Hy steeds teenwoordig, en juis dít is die geheim van die “sukses” van die kerk, ten spyte van twyfelaars, en onervare werkkragte soos Timoteus.

Hemelvaart is ’n mosie van vertrouwe wat Jesus Christus in sy dissipels - in óns - stel, dat ons onder leiding van sy Gees sal voortbou aan sy koninkryk.

Het jý al aangemeld vir diens?

---

## Raad ontken dat hulle die Paasfees onnodig ontsier het

JERUSALEM. - Die rabbi Jesus van Nasaret, wat twee weke gelede tydens die Paasfees saam met twee ander misdadigers op die heuwel Golgota gekruisig is, het sy dood dubbel en dwars verdien. Dit is die strekking van die persverklaring wat die Joodse Raad gister uitgereik het omdat die stof oor die teregstelling net

nie wil gaan lê nie. Die Raad het die hoop uitgespreek dat die teregstelling uiteindelik 'n einde aan 'n lang en onverkwiklike stryd tussen Jesus en die Joodse godsdiensteleiers sal bring.

In die verklaring gee die Raad ook agtergrond vir die gebeure wat uiteindelik tot Jesus se kruisiging gelei het. Luidens die verklaring was die Raad al vir 'n geruime tyd lank verontrus oor Jesus se optrede, maar hulle wou nie die Paasfees ontsier met 'n hofgeding en teregstelling nie. Sake is egter op die spits gedryf toe een van Jesus se eie dissipels, Judas Iskariot, na vore gekom het met 'n plan om hom in hegtenis te neem op 'n plek buite die openbare oog. Met Judas se hulp is Jesus toe die aand laat in hegtenis geneem in Getsemane, waar hy en sy dissipels ná die Paasfeesmaaltyd was.

'n Noodsitting van die Joodse Raad is in die middernagtlike ure gehou. Hulle het Jesus aan godslastering skuldig bevind, en hom die doodsvonnis opgelê. Daarna het hulle hom vroeg die volgende oggend na goewerneur Pilatus gestuur op 'n aanklag van hoogverraad. Nadat die goewerneur die saak ondersoek en ook koning Herodes geraadpleeg het, het hy die vonnis bekragtig.

Om nege-uur daardie selfde oggend is hy saam met twee rowers gekruisig.

Lees ook die berigte elders op dié bladsy.

- Lees hiervan in [Matt. 26 en 27](#).

## **Jesus se verhoor 'n klug, sê regsgeleerde**

JERUSALEM. - 'n Prominente regsgeleerde van die stad het sy misnoë uitgespreek oor die wyse waarop Jesus se verhoor hanteer is.

Die man, wat in hierdie stadium nie sy naam bekend gemaak wil hê nie, het gesê die hele verhoor is 'n klug. "Dit is duidelik dat die Joodse Raad sake só hanteer het dat die beskuldigde geen billike verhoor kon kry nie. Dit druis lynreg in teen die gees én die letter van die Joodse en Romeinse regspraak."

Enkele van die ongerymdhede waarop hy gewys het, is:

- die skielike verandering in die klagstaat van godslastering na hoogverraad;
- die feit dat die hofsak in die nag afgehandel is;
- geen geleentheid is aan getuies vir die verdediging gegee nie;
- die verskillende getuies se getuienis oor die sogenaamde misdaad het nie ooreengestem nie;
- die feit dat die doodsvonnis onmiddellik na die verhoor uitgespreek én voltrek is (volgens die Joodse reg moet daar minstens 'n dag na die verhoor verloop voordat 'n doodsvonnis gevel mag word);
- en, les bes, die feit dat Pilatus toegelaat het dat Jesus gekruisig word ten spyte daarvan dat hyself Jesus drie maal gedurende die verhoor onskuldig verklaar het.

## **GODSLASTERING OF HOOGVERRAAD?**

JERUSALEM. – Onsekerheid bestaan oor presies wat die misdaad is waarvoor die rabbi Jesus van Nasaret gekruisig is.

Die aanvanklike aanklag teen hom voor die Joodse Raad was een van godslastering. Toe hy egter voor Pilatus verskyn, is die aanklag na hoogverraad verander. Om sake verder te kompliseer, het Pilatus Jesus op hierdie aanklag drie maal onskuldig bevind. Desnieteenstaande is Jesus tog gekruisig, met die misdaad bokant sy kop vasgespyker: “Jesus van Nasaret, die Koning van die Jode.”

Intussen het dit aan die lig gekom dat die Joodse priesterhoofde op die oggend van die teregstelling in 'n dringende aansoek by Pilatus beswaar gemaak het oor hierdie opskrif aan die kruis. Volgens hulle het die opskrif nie die feite rondom Jesus se misdaad korrek weergegee nie. Hulle wou dit verander hê na: “Hy het gesê: Ek is die Koning van die Jode.” Harde woorde het glo geval toe hulle die goewerneur oor die saak gaan spreek het. Pilatus het egter voet by stuk gehou en geweier om aan hulle versoek te voldoen.

- Lees hiervan in [Joh.19:1-22](#).

---

# Die Bybelkoerant

'n Mens kan amper nie glo dat dinge só skeef kon loop met Jesus se verhoor nie. Van regspraak was daar geen sprake nie. Dit was van begin tot end 'n bekookte hofsaak waarvan die vonnis lank voordat dit begin het, reeds gevel is.

Die duiwel het daardie oggend waarskynlik sy hande in genoegdoening gevryf. 'n Klinkende oorwinning vir die duisternis, of hoe?

Néé! Dan het ons sleg gelees wat die Bybel ons leer! Dit is wel so dat Jesus se verhoor 'n skreiende verkragting van die reg was. Dit is so dat die duiwel die Jode gebruik het om die Seun van God te vermoor. Maar dit is ook so dat God die hele tyd in beheer was. Jesus het self vir Pilatus gesê: "U sou geen gesag oor My gehad het as dit nie van Bo aan u gegee was nie" (Joh. 19:11).

Jesus se sterwe was Gód se plan, nie die duiwel s'n nie. Hier was immers 'n ánder hofsaak aan die gang waarin God die Regter is, en óns die skuldiges. Net, ons is nie gestraf nie. Jesus is. Dit is die Evangelie!

---

## **Jesus is nie meer dood nie, sê volgelingen**

**Kenners voorspel: kopseer vir die Joodse Raad nog lank nie verby nie**

JERUSALEM. - Hardnekkige gerugte doen hier die rondte onder volgelingen van Jesus van Nasaret dat hy nie dood is nie. Hy is verlede Vrydag op Golgota gekruisig.

Jesus het na bewering gister, drie dae nadat hy dood en begrawe is, aan verskeie van sy volgelinge verskyn.

Volgens Simon seun van Johannes, die leier van die dissipels, het hy en nog 'n dissipel, Johannes seun van Sebedeus, gisteroggend vroeg gaan ondersoek instel toe hulle gehoor het dat Jesus se liggaam nie meer in die graf is nie. Toe hulle by die graf kom, het hulle net die doeke daar gekry. Van Jesus se liggaam was daar geen teken nie. "Ons is toe huis toe, maar kort daarna het 'n vriendin, Maria Magdalena, vir ons kom vertel dat ons meester aan haar verskyn het. Hy het selfs met haar gepraat.

"Ons was eers skepties, maar gisteraand het ons hom almal gesien. Hy het in lewende lywe voor ons gestaan, en om ons te oortuig dat hy nie 'n spook is nie, het hy selfs 'n stukkie vis saam met ons geëet! Ek het met my eie hande aan hom gevat, en glo my, hy lewe! Dis beslis nie 'n spook wat ons gesien het nie," het 'n opgewonde Petrus vertel.

## **Grafskenders**

Intussen het die Joodse Raad vanoggend vroeg op 'n nuuskonferensie bekend gemaak dat grafskenders, vermoedelik volgelinge van Jesus, gedurende die nag sy liggaam gesteel en op 'n onbekende plek herbegrawe het. "Ons was bang so iets kan gebeur, en daarom het ons 'n wag by die graf geplaas om dit te bewaak. Ongelukkig het die wag aan die slaap geraak," het die hoëpriester Kajafas gesê.

Op 'n vraag hoe hy dit verklaar dat so baie mense beweer dat hulle Jesus gesien het, het hy gesê hy het nie 'n verklaring daarvoor nie, en kan maar net bespiegel oor wat werklik gebeur het. "Dit kan 'n goed beplande leuen van die klomp dissipels wees. Dit kan ook wees dat een of twee vir die grafskending verantwoordelik is, en dat hulle die storie dat hy uit die dood opgestaan het, begin het. Die mense van Galilea is maar eenvoudig en liggelowig," het hy gesê.

Kajafas het geweier om in diskussie te gaan oor Jesus se aansprake dat hy die Messias is, aangesien bloot die gedagte daaraan volgens hom godslasterlik is. Nie eers die berig dat hy uit die dood opgestaan het, kan sy opinie hieroor verander nie, het hy gesê.

Die hoëpriester het gesê hulle het al so baie probleme met Jesus in die verlede gehad, en hulle het gemeen dat dié probleme ná sy teregstelling op 'n end sal

wees. Hy het die hoop uitgespreek dat die nuutste storie gou sal oorwaai.

- Lees hiervan in [Matt. 27:62-28:15](#), en ook die berigte in [Luk. 24](#) en [Joh. 20](#).

## JESUS-DISSIPEL STEUN RAAD; ONTKEN OPSTANDING

JERUSALEM. - Nie al die dissipels van Jesus stem saam dat hy lewe nie. Een van sy twaalf vertrouelinge, Tomas, ook bekend as Didimus, het vanoggend tot sy vriende se groot ontsteltenis ten sterkste ontken dat hy Jesus ná sy begrafnis weer gesien het. Hy het gesê dit klink vir hom na ouvroustories, en bygevoeg dat, hoe swaar dit ook al vir hom is, hy in dié geval nie anders kan as om met die Joodse Raad saam te stem nie (lees ook die hoofberig op dié bladsy).

Tomas het aan *Bybelkoerant* gesê: “As ek nie met my eie oë die merke van die spykers in sy hande sien en my vinger in die merke van die spykers steek en my hand in sy sy steek nie, sal ek nooit glo dat hy lewe nie.”

- Lees hiervan in [Joh. 20:24-31](#).

---

## Die Bybelkoerant

Natuurlik was dit vir die dissipels ongelooflik om te aanvaar dat Jesus lewe. Tomas sê sommer reguit dat hy nie vir dié storie val nie. Ook die Emmausgangers weier aanvanklik om te glo. Hulle vertel vir hulle Reisgenoot: “Nou het ’n paar vroue uit ons kring ons ook nog ontstel ...” (Luk. 24:22). Dit klink nie juis na mense wat opgewonde was oor die nuus dat Hy lewe nie! En tog, kort daarna kon



hulle nie wag om terug te kom in Jerusalem om die goeie nuus te vertel dat Jesus lewe nie. Want intussen het hulle die Here self gesien.

Dit is die punt. Slegs vir iemand wat Jesus persoonlik ontmoet het, maak die berig van sy opstanding sin. Vir die Joodse Raad en selfs vir die dissipels voordat hulle Hom self gesien het, was dit te veel gevra om te glo.

Die boodskap dat Jesus lewe, sal vandag ook net vir ons betekenis hê as ons Hom iewers langs die pad persoonlik leer ken het. Hoorsê is nie goed genoeg nie. Eers wanneer jy Hom ontmoet as die lewende, opgestane Verlosser, eers dan kan jy soos Tomas aanbidkend kniel en opreg bely (Joh. 20:28): “My Here en my God!”

---

## Lank lewe koning Dawid!



Koning Dawid met sy geliefde lier

### **Van ons Ou Testament redaksie**

HEBRON. – Die twaalf stamme van Israel is vandeeweke uiteindelik weer verenig toe 'n afvaardiging van die noordelike stamme vir Dawid kom versoek het om ook hulle koning te wees. Die ryk is sewe jaar gelede in twee geskeur toe die noordelike stamme, ná die dood van koning Saul, sy seun Es-Baal tot koning

uitgeroep het. Die stam Juda het egter hulle held Dawid koning gemaak in Hebron.

Politieke waarnemers het Dawid geprys vir sy briljante diplomاسie. Hy het geduldig gewag op die regte geleentheid om die ryk onder sy septer te verenig, en in die proses groot druk van sy volgelinge om die noordelike stamme met geweld te verower, weerstaan. Dié geleentheid het uiteindelik aangebreek toe twee bendeleiers, Baäna en Rekab, koning Es-Baäl van die noordelike stamme in sy slaap vermoor het.

Daar wag 'n groot taak op die nuwe koning om die guns van die noordelike stamme te wen, aangesien daar in die afgelope aantal jare herhaaldelik botsings tussen hulle en die stam van Juda was. Die feit dat Dawid nie aandadig is aan die dood van Es-Baäl nie, tel egter baie in sy guns. Kenners wys ook daarop dat die kwessie van 'n hoofstad nog 'n turksvy kan word, aangesien Hebron te ver in die suide lê en te onmiskienbaar deel van Juda se grondgebied is om deur die noorde as hoofstad aanvaar te word. 'n Stad soos Jerusalem sou die ideale oplossing wees, maar ongelukkig is dit in die hande van die Jebusiete en 'n haas oninneembare vesting.

- Lees hiervan in [2 Sam. 5:1-10](#).

## **Jakob koop grond naby Sigem**

SIGEM. - Jakob seun van Isak het vanoggend in die stadspoort 'n transaksie beklank waarvolgens hy 'n stuk grond hier naby vir honderd geldstukke by die seuns van Gamor gekoop het. Dit is die eerste stuk grond wat hy in Kanaän besit sedert hy hom ná 'n afwesigheid van twee dekades weer in die land kom vestig het.

- Lees hiervan in [Gen. 33:18-20](#).

# SIEKE NA 38 JAAR OP DIE SABBAT GENEES

JERUSALEM. - Die jong rabbi Jesus van Nasaret het die Fariseërs en Skrifgeleerdes die harnas ingejaag toe hy op die heilige Sabbat 'n siek man by die Bad van Betesda genees het.

Die man was al ag en dertig jaar lank siek. Hy was 'n bekende gesig by dié bron, waar talle gestremdes lê in die hoop dat die genesende krag van die water hulle gesond sal maak. Hulle glo dat die eerste een wat in die water kom as dit begin borrel, gesond sal word. In al die jare wat die man daar lê, kon hy egter nooit daarin slaag om eerste in die water te kom nie, omdat niemand hom ingehelp het nie. Maar nou is dit iets van die verlede.

Ondertussen het ons verneem dat die Joodse leiers besluit het om die hele aangeleentheid verder te voer. “Ons kan nie toelaat dat die Sabbat so onheilig word nie,” het 'n woordvoerder ons meegedeel. Daar word selfs gefluister dat Jesus godslasterlike dinge kwytgeraak het en die dood verdien.

Oor die vraag of hy werklik die dood verdien, moet ons lesers self besluit. Ons weet in elk geval van minstens een man wat nie hieroor met die Joodse leiers saamstem nie.

- Lees hiervan in [Joh. 5:1-17](#).

---

## Om oor na te dink

Die spreekwoord sê: “Hy wat glo, word nie haastig nie.” Want op God se tyd gebeur wat Hy oor ons lewe beskik, al moet ons dan sewe jaar, of twintig, of selfs ag en dertig jaar daarop wag. Die digter van Ps. 130 het iets hiervan verstaan. Daarom roep hy ons op (vs. 7): “Wag op die Here, Israel, want by die Here is daar troue liefde, by Hom is die verlossing seker.”

Vir die moderne mens is dit baie moeilik om te wag, want ons hele samelewing stel ons daarop in om dinge in 'n kits te kry: selfhelpwinkels, kitskoffie, kitsbanke. Met die druk van 'n knoppie of die afdraai van 'n proppie het ek wat ek wil hê. En onbewustelik dra ons hierdie kitsmentaliteit ook in ons geloofslewe in; bid ons oor 'n saak en verwag blitssnel 'n antwoord, net om telkens weer te ontdek dat God nie 'n kitsgod is nie. Want kits is ongelukkig (gewoonlik) nie gelyk aan kwaliteit nie.


Ons, wat altyd haastig is, gee dikwels nie om om kwaliteit in te boet vir die voordeel wat spoed bring nie. Maar God gee om. Hy wil nie oppervlakkige kits-Christene hê nie. Hy wil ons bring daar waar ons deur die tyd ryp geword het. Hy gee nie om om te wag sodat ons kans kan kry om geestelik te groei nie. Daarom moes Jakob in Haran gaan leer dat die beloofde land 'n gawe is, nie iets wat jy met 'n gekonkel kan inpalm nie. Daarom moes Dawid wag totdat God die hart van die hele land vir hom oopmaak, en moes die sieke van Betesda wag totdat die groot Geneesheer self by hom kom siekebesoek doen. As hy vroeër al gesond geword het, het hy dalk nooit vir Jesus leer ken nie ...

---

## Seun bedrieg sy pa met sy ma se hulp; vlug

### Van ons Ou Testament redaksie

BERSEBA. - Die eersgeboorteseën, ter wille waarvan 'n seun sy eie pa bedrieg het, het 'n holle nagalm gehad toe die einste seun kort daarna vir sy lewe die land uit moes vlug. Dit is maar een in 'n hele reeks voorvalle waarin die tweelingseuns van Isak, Esau en Jakob, betrokke was.



Hoewel Esau die oudste seun is, en dus die eersgeborene van Isak en Rebekka, het Jakob en sy ma dit nooit aanvaar nie. Toe Isak dus vir Esau vra om 'n wildsbokkie te gaan skiet en dit vir hom voor te berei omdat hy die eersgeboorteseën aan hom wil gee voordat hy sterf, het Rebekka vinnig vir Jakob gehelp om hom te vermom soos sy broer. Met vleis wat sy gaargemaak het, het sy vir Jakob na haar man gestuur. Isak se oë was al so sleg dat hy nie besef het dis die verkeerde seun wat voor hom staan nie. So het Jakob die seën ontvang wat vir Esau bedoel was.

Na berigte het Esau wraak gesweer, en was Jakob verplig om te vlug. Of die eersgeboorteseën nou vir hom iets werd sal wees, sal net die tyd leer.

- Lees hiervan in [Gen. 27](#).

## **Bringer van goeie boodskap tereggestel**

SIKLAG. - 'n Jong Amalekiet is gisteraand hier tereggestel nadat hy aan Dawid die goeie nuus gebring het dat sy grootste vyand, koning Saul, op die slagveld gesneuwel het.

Volgens sy eie getuienis was die man 'n ooggetuie van die Israeliete se verpletterende neerlaag. Hy het gesien hoedat kroonprins Jonatan omkom, en het op koning Saul afgekom waar hy dodelik gewond op Gilboaberg lê nadat hy klaarblyklik in sy eie spies geval het. Op die koning se versoek het die Amalekiet hom doodgemaak en sy kroon en armband gevat en vir Dawid gebring, onder die indruk dat dit goeie nuus sal wees vir die man wie se lewe so lank deur Saul bedreig is.

Dawid was egter so ontsteld dat hy sy klere geskeur en tot die aand toe gerou en getreur en gevas het. Daarna het hy beveel dat die jong man summier tereggestel moet word. Toe hy die vonnis uitspreek, het Dawid gesê, en ons haal aan: "Jy het jou dood gesóék, want jy het jouself veroordeel toe jy gesê het: Dit is ek wat die gesalfde van die Here doodgemaak het!"

- Lees hiervan in [2 Sam. 1](#).

# MAN SE AFGEKAPTE OOR AANGEHEG

## Van ons Nuwe Testament redaksie

JERUSALEM. - Die omstrede rabbi Jesus van Nasaret het lede van die tempelwag laasnag hier verstom toe hy 'n oor wat met 'n swaard afgekap is, weer vasgesit het.

Dié uitsonderlike gebeurtenis het plaasgevind toe die tempelwag Jesus in die Tuin van Getsemane in hegtenis geneem het op 'n aanklag van godslastering. Een van Jesus se dissipels, Simon bar Jona, het 'n swaard uitgepluk om sy rabbi te verdedig, en die hoëpriester se slaaf Malgus se oor afgekap. Jesus het Simon skerp tereggewys omdat hy hom teen die inhegtenisname verset het, en daarna Malgus se oor genees.

In 'n onderhoud ná die voorval het Malgus gesê dit was 'n ongelooflike ervaring. “Die pyn was onmiddellik weg toe hy aan my geraak het, en ek verbeel my boonop ek hoor nou beter as voorheen!” het hy met 'n glimlag bygevoeg.

- Lees hiervan in [Luk. 22:47-53](#) en [Joh. 18:3-11](#).

---

## Om oor na te dink

Sedert Petrus Malgus se oor afgekap het, moes Jesus al talle en talle wonde genees wat deur sy eie dissipels veroorsaak is - dikwels in hulle oorywerigheid om aan God se plan gestalte te gee in hul lewe of in die wêreld. Petrus het immers nie sy swaard getrek ter wille van homself nie, maar ter verdediging van sy Meester. En Rebekka en Jakob was ook nie heeltemal uit die koers toe hulle die eersgeboorteseën van Esau wou wegneem nie - hy het immers sy reg aan Jakob verkwansel vir 'n pot lensiesop. En het God nie self aan Rebekka gesê nie - reeds vóór die tweeling se geboorte - “die oudste sal die jongste dien” ([Gen. 25:19-34](#))?

Die probleem is net: hulle het nie 'n oog daarvoor gehad dat God op 'n ánder

manier sy Koninkryk wil laat kom in hulle lewe nie. Hulle het nie vir God die kans gegee om die heil op sy manier uit te werk in hulle wêreld nie.

In dié opsig het Dawid besondere genade ontvang om te wag totdat God self sy beloftes aan hom waar maak. Hoewel hy dikwels in 'n posisie was om Saul te dood en só die troon te gryp wat hom as God se gesalfde toegekam het, het hy konsekwent geweier, omdat hy iets daarvan verstaan het wat die Here baie jare later by monde van sy profeet Sagaria vir ons leer: “Nie met mag en krag sal jy slaag nie, maar deur my Gees, sê die Here die Almagtige” ([Sag. 4:6](#)).

Bid dat God deur sy Gees ook aan jou dié besondere genade sal gee. Net só kan sy Koninkryk kom, ook in jou lewe.

---

# Bejaarde vrou van 90 skenk geboorte

## Van ons Ou Testament redaksie

GERAR. - Daar was gister ongekennde vreugde in die laer van die skatryk donkiehandelaar Abraham seun van Tera toe sy vrou Sara geboorte geskenk het aan 'n fris babaseuntjie.

Wat die geboorte so merkwaardig maak, is dat Sara al 'n vrou van 90 jaar oud is, en Abraham al 100! Die vroedvrou wat Sara tydens die geboorte bygestaan het (vanweë professionele redes mag ons ongelukkig nie haar naam bekend maak nie), het gesê dat alles baie goed afgeloop het. “As jy Sara se ouderdom in ag neem, en in gedagte hou dat dit boonop haar eerste baba is, het die geboorte eintlik verstommend goed verloop,” het die verligte vroudevrou aan *Bybelkoerant* vertel.

Kenners is dit eens dat daar gister mediese geskiedenis gemaak is. Een dokter wat om kommentaar genader is, het net sy kop geskud en gesê hy het in sy ganse lewe nog nie van so iets gehoor nie. “Ek kan my nie voorstel dat dit ooit weer sal

gebeur dat so 'n ou vrou 'n baba kan hê nie. Dis net eenvoudig ongehoord.”

Ondertussen is die laer in rep en roer soos daar voorbereidings getref word vir die feesvierings oor 'n week, wanneer die nuwe aankomeling van die gesin besny gaan word. Volgens Abraham is dit die gebruik by hulle dat elke seuntjie op die agtste dag besny word as teken dat hy aan die lewende God behoort.

Die kêreltjie oor wie al die opgewondenheid gaan, se naam is heel gepas Isak, wat “lag” beteken.

- Lees meer hieroor in [Gen. 21:1-7](#).

## **GENIET DIE LEWE, SÊ KONING**

JERUSALEM. - Die koning het in 'n diepsinnige werk wat vandeemaand hier gepubliseer is, sy onderdane opgeroep om die lewe te geniet.

In die boek, wat hy onder die skuilnaam “Die Prediker” uitgee, skryf hy dat 'n mens op twee maniere na die wêreld kan kyk: jy kan daarna kyk as die begin en die einde van jou bestaan, en dan kom jy onvermydelik tot die slotsom dat alles tot niks kom nie en 'n gejaag na wind is. Of jy kan raak sien dat God betrokke is in ons wêreld, dat elke dag 'n gawe uit sy hand is. Dán word jou lewe 'n genot, en elke dag 'n avontuur.

Ons beveel die boek van harte aan. Lees dit gerus!

- Lees veral [Pred. 2:17-26](#) en [5:17-19](#).

## **Vyf brode en twee visse gee kos vir duisende**

### **Van ons Nuwe Testament redaksie**

BETSAIDA. - Die jong rabbi Jesus van Nasaret het gisteraand hier in die distrik groot opgewondenheid veroorsaak toe hy vir 'n skare mense (net die mans alleen



was al omtrent vyf duisend) só baie kos gegee het dat daar, toe almal meer as genoeg gehad het, twaalf mandjies vol kos oorgebly het.

Dit was teen druktyd nog nie presies duidelik waar hy kos vir al die mense gekry het nie. Dit is algemeen bekend dat Jesus en sy dissipels dit nie breed het nie, en die kos sou 'n klein fortuin gekos het as hulle dit moes aankoop. Sy dissipels beweer dat Jesus vyf garsbrode en twee vissies by 'n seuntjie gekry het, en dat hy dít eenvoudig begin breek en vir die mense uitgedeel het. “Dit was ongelooflik. Die brood en die vis het net al meer en meer geword! Hoe meer hy dit verdeel het, hoe meer was daar, totdat almal gekry het. Dis 'n wonderwerk,” het Simon, die leier van die dissipels, opgemerk. Dit lyk asof die skare hiermee saamstem, want hulle praat onder mekaar dat hy die Profeet is wat volgens ou voorspellings na die wêreld sou kom. Daar is selfs sprake dat hulle hom koning wil maak.

Een van die Skrifgeleerdes met wie ons gepraat het, is egter baie beslis dat die “wonderwerk” een groot wolhaarstorie is. Net God kan immers wonders doen, het hy met nadruk gesê. Sy verklaring is dat die mense almal kos by hulle gehad het, maar net te skaam was om dit uit te haal. Toe Jesus die brood en vis te voorskyn bring, het dit die ander die vrymoedigheid gegee om ook hulle kos te begin eet. Vandaar al die kos. Hy kon egter nie aan ons verklaar hoekom die oorskiet in die mandjies nét uit garsbrood en vis bestaan het nie.

- Lees hiervan o.a. in [Joh. 6:1-15](#).

---

## Om oor na te dink

As 'n mens deur die Bybel blaai, verstom dit jou telkens hoeveel uitsprake daarin gemaak word wat dit duidelik maak dat God wil hê dat ons dit moet geniet op hierdie aarde. Een van die bekendste gedeeltes in dié verband is natuurlik Fil. 4:4: “Wees altyd bly in die Here! Ek herhaal: Wees bly!” God wil nie 'n pretbederwer wees nie; inteendeel, Hy gun ons 'n gelukkige, vreugdevolle lewe. Prediker 2:24 sê dat dit een van God se gawes aan ons is: “Dit is nie aan die mens self te danke dat hy kan eet en drink en onder al sy arbeid nog die goeie kan geniet nie. Ek het ingesien dat dit 'n gawe uit die hand van God is.” G'n wonder

nie dat Jesus vir die skare 'n impromptu-feesmaal verskaf.

Abraham en Sara het iets hiervan gesnap toe hulle hulle seun Isak genoem het:  
God het die lag in hulle lewe teruggebring.

Wees jy ook hierdie dag bly! God gun dit vir jou.